

JOHNE SE SIEKTE

is 'n stille tydbom

Deur Izak Hofmeyr

Die probleem met Johnne se siekte is dat die bakterie wat dit veroorsaak, *Mycobacterium avium subsp. paratuberculosis*, hitte, koue en droogte kan weerstaan, en vir so lank as 'n jaar in die grond en water kan oorleef.

Indien 'n mens dus die siekte op jou plaas het, is dit baie moeilik om daarvan ontslae te raak. Die siekte kan geweldige skade aanrig – tot 15% vrektes per jaar en onderdrukte produksie wat moeilik bereken kan word.

Dit is 'n beheerde siekte in terme van die *Wet op Dieresiektes*, 1984 (Wet 35 van 1984), wat beteken dit is die eienaar se verantwoordelikheid om te voorkom dat dit versprei. Volgens die wet behels die beheermaatreëls van Johnne se siekte dat vatbare diere deur die staat getoets kan word, dat diere wat in kontak met siek diere was geïsoleer en getoets moet word, en dat diere wat die siekte het, geslag moet word, óf by 'n abattoir óf onder toesig van 'n ampsdraer van die staat.

Voorkoming en beheer

Geen behandeling bestaan tans vir die siekte nie. Beheer berus op goeie bestuurspraktyke wat gereelde toetse op nuwe diere wat die plaas binnekom, insluit.

Hoewel daar 'n entstof teen die siekte is, ondersteun die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie (DAFF) nie die algemene gebruik daarvan nie omdat dit nie diere doeltreffend daarteen beskerm om wel die siekte te kry en keer dat die organisme versprei nie. Verder is dit nie moontlik om met serologiese toetse 'n onderskeid te tref tussen besmette diere en diere wat ingeënt is nie.

'n Groot dilemma

Volgens prof Gareth Bath, voorsitter van



die Kleinvee Gesondheidsadviesliggaam, is die huidige benadering tot Johnne se siekte problematies omdat onbepaalde kwarantyn op plase waar die siekte geïdentifiseer word, daartoe lei dat boere eerder sal probeer om die siekte weg te steek as om dit aan te meld.

“Dis tyd dat ons deeglik ondersoek wat ander lande, soos Australië, doen om die siekte te beheer. Op die oomblik het die siekte massiewe implikasies vir enige boer op wie se plaas dit geïdentifiseer word. So 'n boer mag nooit weer lewende diere van sy plaas af bemark, behalwe aan die abattoir, alvorens sy plaas as skoon geklassifiseer word nie.

“Omdat dit so 'n gekompliseerde siekte is, kan 'n mens nie doodgewoon diere toets en dié wat positief toets uitskot nie. 'n Mens kan nooit met totale sekerheid sê dat jy daarvan ontslae geraak het nie. Verder is die entstof inderdaad nie 100% doeltreffend nie en is dit moontlik dat die siekte kan versprei, ten spyte daarvan dat die diere wat verkoop word ingeënt is.”

'n Verhandelingsverklaring

Leon de Beer, hoofbestuurder van die

Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV), sê daar is twee redelike benaderings ten opsigte van die siekte. Die eerste is om boere wat nie die siekte op hul plase het nie, sover moontlik te beskerm deur 'n verhandelingsverklaring in gebruik te stel waarop kopers van vee kan aandring. Die ander is 'n toeweging deur DAFF om die lewe makliker te maak vir boere wat wel die siekte op hul plase het, waarvolgens hulle diere aan ander boere wat ook die siekte op hul plase het, kan verkoop.

“Die mikpunt van die verhandelingsverklaring is om boere in staat te stel om te bepaal hoe groot hul risiko is as hulle by 'n spesifieke boer vee koop. Volgens die verklaring dui die verkoper aan of hy vir die siekte getoets het of nie, en of hy daarteen ingeënt het en waarom.”

Leon sê die goeie nuus is dat daar 'n diagnostiese metode is wat wag om geldig verklaar te word, waarvolgens daar geen vals positiewe en vals negatiewe uitslae kan wees nie. **(VP)**

Vir meer inligting, skakel
Leon de Beer by 041 365 5030.